# GLAS AFDELING

## OMSKREWE GEBEURTENISSE

Verlies van of skade aan interne en eksterne glas (insluitende spieëls), letterskilderwerk en die behandeling daarvan op daardie geboue by die versekerde persele, soos in die bylae vermeld, wat die eiendom van die Versekerde is of waarvoor hulle verantwoordelik is met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die versekerde bedrag sal beloop soos in die bylae teenoor "Toevallige skade aan glas" vermeld.

## OMSKRYWING

**Glas:** Tensy spesifiek ooreengekom en andersins in die bylae aangedui, word aanvaar dat alle glas (behalwe spieëls) wat deur hierdie afdeling verseker is, "float" glas is, hetsy bedek deur 'n laag of nie, of gelamineerde veiligheidsglas.

## BYKOMENDE DEKKING

**Spoedaflewering en ander uitgawes** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Volgende op verlies van of skade aan glas soos uiteengesit onder die omskrewe gebeurtenisse, sal die Maatskappy die Versekerde ook skadeloos stel vir bykomende koste aangegaan vir die spoedaflewering van vervangingsglas deur middel van pad/spoor- of lugvrag sowel as oortyd uitgawes aangegaan vir die installasie daarvan tot en met die versekerde bedrag soos vermeld in die bylae.

**Ander kostes en uitgawes** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Ná verlies van of skade aan glas soos uiteengesit onder die omskrewe gebeurtenisse, stel die Maatskappy die Versekerde ook skadeloos teen die volgende:

1. die koste vir die aanbring van sodanige skuttings of ander tydelike herstelwerk as wat redelikerwys nodig mag wees;

2. skade aan winkeltoonvensters, rame, vensteruitstallings (insluitende los en vaste toebehore), diefalarmstroke, -drade en -vibrators as 'n regstreekse gevolg van sodanige verlies of skade;

3. die koste van die verwydering en herinstallering van los en vaste toebehore wat nodig is om die glas te vervang;

4. die koste vir die aanstel van 'n wagdiens voor die vervanging van die glas of die aanbring van skuttings of die herstel van die diefalarmstelsel, tensy dit ingevolge enige ander versekering wat deur die Versekerde gereël is, betaalbaar is.

Met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy hoogstens die totaal van alle ander koste en uitgawes, soos uiteengesit in 1, 2, 3 en 4 hierbo, die bedrag wat in die bylae vermeld word, sal beloop vir enige een gebeurtenis of 'n reeks gebeurtenisse wat aan een bron of oorspronklike oorsaak toeskryfbaar is.

## SPESIFIEKE VOORWAARDES

1. Die maksimum bedrag betaalbaar deur die Maatskappy is beperk tot die versekerde bedrag vermeld in die bylae en indien dit in die bylae teenoor "Grondslag" meld: "Alle geboue op die perseel", sal dit beteken dat die versekerde bedrag die maksimum bedrag betaalbaar sal wees deur die Maatskappy vir enige enkele gebeurtenis vir alle geboue tesame op die perseel en

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

nie vir elke gebou individueel nie.

# SPESIFIEKE UITSLUITINGS

Die Maatskappy is nie aanspreeklik nie vir:

1. verlies of skade wat verseker word deur, of in die afwesigheid van hierdie afdeling verseker sou word, deur enige brandversekering, behalwe ten opsigte van enige bedrag bó dié bedrag wat ingevolge sodanige brandversekering betaalbaar sou gewees het indien die versekering ingevolge hierdie afdeling nie aangegaan is nie, maar hierdie spesifieke uitsluiting is egter nie van toepassing nie op verlies of skade waarvoor die Versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is;
2. glas wat deel uitmaak van handelsvoorraad;
3. glas wat by die aanvang van hierdie versekering gebars of gebreek is, tensy die Maatskappy ingestem het om dit te dek;
4. skending of skade, behalwe 'n bars dwarsdeur die dikte van die glas of enige laminering daarvan.

# KLOUSULES EN UITBREIDINGS

Andersins onderhewig aan die terme, uitsluitings en voorwaardes van hierdie afdeling en die Algemene afdeling (waarvan alles geldig en toepaslik bly, tensy spesifiek hieronder geskrap of verander), word die dekking ingevolge hierdie afdeling verander of uitgebrei soos hieronder uiteengesit onder elke uitbreiding en klousule (maar waar van toepassing soos hieronder aangedui, slegs indien sodanige uitbreidings en klousules as ingesluit in die bylae vermeld word) onderhewig aan enige versekerde bedrae of eerste bedrae betaalbaar soos vermeld in die bylae onder elke uitbreiding.

### **Advertensieborde, blindings en sonkappe** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om dekking in te sluit vir verlies of skade aan eksterne advertensieborde, blindings en sonkappe insluitend letterskilderwerk en die behandeling daarop, vervaardig van glas, plastiek, perspeks of soortgelyke breekbare materiaal by die versekerde perseel soos aangedui in die bylae, die eiendom van die Versekerde of waarvoor hy/sy verantwoordelik is, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy vir hierdie bykomende eiendom hoogstens die versekerde bedrag soos vermeld in die bylae teenoor hierdie uitbreiding, sal beloop.

### **Oproer en staking (behalwe RSA en Namibië)** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om verlies of skade te dek wat regstreeks veroorsaak word deur of deur middel van of as gevolg van:

1. burgerlike onrus, arbeidsonluste, oproer, staking of uitsluiting;
2. die optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, enige gebeurtenis waarna in 1 hierbo verwys word.

Met dien verstande dat hierdie uitbreiding nie die volgende dek nie:

1. verlies of skade wat in die Republiek van Suid-Afrika en Namibië plaasvind;
2. gevolglike of onregstreekse verlies of skade van enige aard of beskrywing hoegenaamd;
3. verlies of skade wat spruit uit 'n algehele of gedeeltelike staking van werk of vertraging of onderbreking of staking van enige proses of werksaamheid;
4. verlies of skade wat veroorsaak word deur permanente of tydelike besitontneming wat spruit uit die konfiskering, kommandering of rekwisisie deur enige wettig ingestelde owerheid;
5. verlies of skade wat verband hou met of veroorsaak word deur enige gebeurtenis waarna daar in Algemene uitsluiting 1 (A) (ii), (iii), (iv), (v) of (vi) van hierdie polis verwys word of enige optrede van enige wettig ingestelde owerheid by die beheer, voorkoming of onderdrukking van, of terwyl daar op enige ander wyse gehandel word met, sodanige gebeurtenis.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge

Indien die Maatskappy uit hoofde van voorbehoudsbepalings 1, 2, 3, 4 of 5 beweer dat hierdie afdeling nie verlies of skade dek nie, rus die las op die Versekerde om die teendeel te bewys.

Hierdie uitbreiding is slegs van toepassing op verlies of skade waarvoor die Versekerde as huurder, en nie as eienaar nie, verantwoordelik is.

## **Sanitêre ware** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Hierdie afdeling word uitgebrei om dekking in te sluit vir verlies of skade aan sanitêre ware naamlik die los en vaste toebehore van die versekerde gebou(e) by die perseel wat in die bylae vermeld word, met dien verstande dat die aanspreeklikheid van die Maatskappy met betrekking tot hierdie bykomende eiendom hoogstens die versekerde bedrag soos in die bylae teenoor hierdie uitbreiding aangedui, sal beloop.

## **Spesiale herstel** (indien in die bylae as ingesluit vermeld)

Indien die Versekerde ná verlies of skade wat hierkragtens verseker is, ingevolge die Nasionale Bouregulasies of soortgelyke wetgewing verplig word om die beskadigde glas te vervang met glas van 'n beter gehalte, dan:

1. is sodanige verhoogde koste vir die vervanging van glas deur hierdie afdeling gedek , met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy nie die versekerde bedrag soos in die bylae aangedui teenoor "Toevallige skade aan glas", sal oorskry nie;
2. is enige verhoogde of bykomende koste vir rame of ander items soos verseker ingevolge "Ander koste en uitgawes" wat volg op die vervanging van glas deur glas van 'n beter gehalte, gedek, met dien verstande dat "Ander koste en uitgawes" as "ingesluit" in die bylae aangedui is en verder met dien verstande dat die totale aanspreeklikheid van die Maatskappy vir hierdie bykomende koste nie meer is nie as die versekerde bedrag soos in die bylae teenoor hierdie dekking vermeld.

Vir interne makelaarsgebruik alleenlik - van tyd tot tyd onderhewig aan klein veranderinge